[2]

# Dames Aktueel

BOU EN BEHOU

Posbus 91098
Aucklandpark
2006

Tel: (011) 726-1635 (08:00-13:00)

EOW/iro
5 Junie 1992

Dr Z J de Beer
Posbus 15
KAAPSTAD
8000

Liz,
Kom ons skryf.
Z.

Geagte dr De Beer

**DAMES AKTUEEL** is 'n landwye kultuurorganisasie vir die gelowige Afrikanervrou.

Ons lede het baie hoë verwagtinge van **KODESA** en glo dat **konsensus** die **enigste** uitweg is vir 'n vreedsame naasbestaan in ons mooi land!

52% van ons land se kiesers is vroue, waaronder baie bekwame vroue, en ons glo dat sonder die vroue se insette in **KODESA** kan en sal daar geen sukses in die beraadslaginge wees nie. Ons **pleit** vir meer insette van vroue in die werkgroepe asook vir meer **positiewe** beriggewing.

Ons lede staan almal vir **vrede** en wil u langs hierdie weg **sterkte** toewens op die **KODESA**-pad vorentoe! Mag daar groot **seën** rus op u werk.

Hoogagtend.

Die uwe.

E Wessels

**ESTER WESSELS**
**PRESIDENTE : DAMES AKTUEEL**

VOLKSRAAD
POSBUS 15 KAAPSTAD 8000
TELEKS 52-0869
TELEFOON (021) 403-2911

PARLEMENT VAN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA

22 Junie 1992

Die Presidente
Dames Aktueel
Posbus 91098
AUCKLANDPARK
2006

AANDAG MEV E WESSELS

Geagte mev Wessels

Baie dankie vir u skrywe van 5 Junie.

Dit was juis as gevolg van die vertoeë van organisasies soos u s'n dat ons die „Gender Advisory Committee" by Kodesa gevorm het. Hulle lewer reeds waardevolle insette. U belangstelling in Kodesa se werk word waardeer, en ek sal u brief onder die aandag van die bestuurskomitee bring.

Die uwe

nms ZACH DE BEER L V

HOUSE OF ASSEMBLY
P O BOX 15 CAPE TOWN 8000
TELEX 52-0869
TELEPHONE (021) 403-2911

PARLIAMENT OF THE REPUBLIC
OF SOUTH AFRICA

23 June 1992

The Secretary
Codesa
P O Box 307
1600 ISANDO

Dear Sirs

I attach a letter from Dames Aktueel and a copy of my reply. Over to you.

Yours faithfully

E a Berry

for DR Z J DE BEER M P